Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za



GR R OB5/2014

Liewe Gr R Ouers,

Tema:
Boeke (9 – 13 Februarie)

Lees is baie belangrik en u as ouer moet help om 'n liefde daarvoor te kweek. Lees saam stories en maak dit baie spesiaal vir u kind.

Temabespreking:
Ons gaan gesels oor:

- Waarom ons boeke nodig het.
- Waar kan ek boeke vind?
- Versorging van boeke.
- Hoe lyk 'n boek en hoe word dit gemaak?
- Soorte boeke.

Wiskunde:

- Die vaslê van getal: 1
- Simmetrie
- Posisie in die ruimte: voor en agter
- Vergelyk groot en klein voorwerpe
- Sortering

Skeppende aktiwiteite:

- Teken 'n prent oor jou gunsteling storie
- Voltooi patrone
- 'n Prent vir ons klasboek
- Teken groot en klein voorwerpe.
- Kollage boekmerke

Liggaamsopvoeding:



- Hand-oog koördinasie
- Lateraliteit
- Hindernisbaan
- Beweging
- Ontwyking

Uitvoerende kuns:
- Liggaamsbewustheid.

Versie:

Boeke is vol stories
En prente ingekleur.
Boeke is vol dinge
Waarvan ek en jy kan leer.
So kom ons blaai vandag nog
'n storieboekie deur

Nuttige brokkie kennis:
Wat is die verskil tussen posisie van die liggaam in die ruimte en ruimtelike verhouding?
- **Posisie van die liggaam in die ruimte**
Posisie van die liggaam in die ruimte het te doen met ruimtelike begrippe t.o.v die leerder se liggaam. Dis begrippe soos bo, onder, voor, agter, bo-op, ens. 'n Opdragvoorbeeld sou wees: Sit jou hande **op** jou kop.
-**Ruimtelike verhouding:**
Sodra die leerder 'n ruimtelike opdrag moet uitvoer waar meer as net sy/haar liggaam betrokke is, word daar van ruimtelike verhouding gepraat. So 'n opdrag sou bv. wees: Sit jou boek voor jou **op** die tafel.

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

Saterdag is Valentynsdag:
U kleuter kan gerus Vrydag ietsie rooi aantre vir hierdie "Liefie-dag". Onthou ook Snoepie geld.

In 'n kind se oë is
daar nie sewe wonders
in die wêreld nie, daar
is sewe miljoen.

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete
Gr R Opvoeders

_____
Mev H Smith